


ma se sterretjie

Brei die lieflike kindertrui met 'n
gewone riffelsteek en versier
met borduurwerk





Benodigdhede

Pingouin Family Knit DK (50 g-bolle); 3 bolle vlootblou (kleurnr 56, V), 2 bolle aran (14, A); hekelpen van 3,50 mm; breinaalde van 4,00 mm en 4,50 mm; grootoog-stomppunt stop-naald; 3 wit knope.
Let wel: rif - riffelsteek, r2, aw2.

Mate

Om borsmaat van 66 cm lossies te pas; ware grootte, bors 80 cm, lengte tot skouer 45 cm; mounaat 30 cm, kraag ongeveer 6 cm.

Spanning

22 ste en 30 rye = 10 x 10 cm oor koussteek met 4,50 mm-Ne.

Agterpant

Gebruik 4,00 mm-Ne en V, stel 94 ste op. Brei 18 rye rif. Slaan oor na 4,50 mm-Ne en ks. Brei volgens diagram. Wanneer alle rye op diagram voltooi is, slaan oor na V en brei nog 32 rye ks met V. Heg lossies af.

Voorpant

Soos agterpant van * tot *. Slaan oor na V en brei nog 21 rye ks met V.

Vlg ry (RK): Brei 43 ste, heg vlg 8 ste af, brei tot einde.

Vlg 10 rye: Vermin 1 st aan halsrand in elke ry. Heg af.

Heg werkdraad aan halsrand van oorbl ste vas en voltooi 2e kant met omgekeerde vorming.

Moue (2)

Gebruik 4,00 mm-Ne en V, stel 38 ste op. Brei 16 rye rif.

Vlg ry: rif 1, m1, *rif 2, m1; herh

van * tot einde - 50 ste. Slaan oor na 4,50 mm-Ne en ks, brei 1e - 33e ry volgens diagram, laat 34e - 54e ry weg, en brei van 55e ry tot einde.

Vermeer terselfdertyd 1 st aan weersk van 7e ry en elke daaropvlg 4e ry. Neem vermeer-ste in pat op.

Brei tot alle rye op diagram voltooi is, slaan oor na vlootblou en brei nog 12 rye ks met V. Heg lossies af.

Afwerking

Werk regterskouernate toe.

Halsboordjie: Met RK voor, tel op en r 76 ste uit halsrande van

voor- en agterpant, brei 10 rye rif.

Sierrandjie: 1e ry: **Met A, r tot einde.

2e ry: Met A, aw tot einde.

3e ry: Met V, *r1, gv, gl 1 st awg, ga*; herh van * tot * tot laaste st, r1.

4e ry: soos 3e ry.**

Brei nog 1 keer soos van ** tot ** en heg lossies af. Gebruik hekelpen en maak 3 lusse aan elke kant van hals- en skouernaat, werk knope teenoor lusse vas. Werk oorbl deel van linkerskouernaat toe. Werk moukoppe vas. Werk sy- en mounate toe. Gebruik hekelpen en een draad elk van A en V tes, hekel sierkettings van 10 ks elk. Werk kettings stewig aan voorpant vas soos op diagram gesien kan word. Versier skouerstuk van voorpant met Aran-kruissteke. □

Gebrei deur Louise Struwig
Ontwerp en patroon Libelle.

